**Taalbeleid van Laerskool Volschenk**

## 1. Inleiding

Hierdie dokument is die taalbeleid van Laerskool Volschenk wat op 10 September 2025 deur die skoolbeheerliggaam (SBL) goedgekeur is.

Die taalbeleid is opgestel in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996; toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys; regspraak van Suid-Afrikaanse howe; die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders; die "African Charter on the Rights and Welfare of Children"; die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 van 19 Desember 1997) en die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

## 2. Faktore in ag geneem

By die opstel en hersiening van hierdie beleid is die SBL tevrede dat dit die taalbehoeftes van die breër gemeenskap in die onderwysdistrik in ag geneem het, en die volgende oorweeg het:

- die beste belang van die kind, met klem op gelykheid en billikheid;
- artikel 6(2) van die Grondwet;
- artikel 29(2) van die Grondwet;
- die veranderende aantal leerders wat die taal van leer en onderrig by die skool praat;
- die behoefte aan doeltreffende gebruik van klaskamerruimte en hulpbronne;



Wardenstraat, Riversdal, 6670
Tel: 028 713 1064
Webtuiste: www.vollies.co.za
Skoolhoof Waarnemend: Me. Michelle Marais

- die skool se inskrywingstendense;
- die algehele opvoedkundige belange van alle leerders by die skool;
- die belange van die skoolgemeenskap;
- die taalbehoeftes van die plaaslike gemeenskap waarin die skool geleë is;
- die skool se kapasiteit[1];
- die hulpbronne en personeel wat by die skool beskikbaar is; en
- internasionale beste praktyk met betrekking tot klasgroottes en taal in die onderwys, met spesifieke verwysing na die belang van moedertaalonderrig.

## 3. Onderrig en eksaminering

Alle onderrig en die aflê van toetse en eksamens geskied in die taal/tale van onderrig van die skool.

## 4. Beleid oor onderrigtaal[2]

Die skool is 'n enkelmediuminstelling.

Die taal van onderrig is Afrikaans van graad  tot graad 1-7.

Die keuse in onderrigtaal moet aangedui word wanneer die leerder aansoek doen om toelating tot die skool.

---

1 Verwys asseblief na FEDSAS se Konsep-Toelatingsbeleid op ons webwerf vir 'n konsepformule vir kapasiteitsbepaling.

2 Neem asseblief kennis dat die medium van onderrig beperk is tot een of meer van die Republiek se amptelike tale. Suid-Afrikaanse Gebaretaal het die status van 'n amptelike taal van leer en onderrig by 'n openbare skool. Indien die skool '*SASL*' aanbied, moet dit in die beleid aangedui word.

**5. Nie-diskriminasie**

Geen rassediskriminasie mag by die implementering van hierdie beleid plaasvind nie.

**6. Bevordering van veeltaligheid**

Die skool bevorder veeltaligheid deur, benewens die onderrigtaal/onderrigtale, ook Afrikaans, Engels as volwaardige taalvakke by die skool aan te bied.

Dit geskied soos volg:

Tale wat as volwaardige vakke aangebied word:
Enkelmediumskool:
Afrikaans as Huistaal
Engels as Eerste Bykomende Taal

Elke opvoeder by die skool doen redelike stappe om leerders oor die belang van veeltaligheid in te lig en om respek vir ander tale buiten die huistaal en/of onderrigtaal te bevorder.

**7. HOD Direktiewe**

7.1 Die Departementshoof (DH) mag die skool opdrag gee om meer as een taal van instruksie aan te neem, slegs waar dit prakties moontlik is en nadat die faktore in artikel 6(5) van SASA oorweeg is.

7.2 Voor enige direktief uitgereik word, moet die DH skriftelike kennisgewing met redes gee, ouers en die plaaslike gemeenskap via geskrewe forums inlig, voorleggings aanvra en 'n openbare verhoor hou.

7.3 Ná oorweging van die insette moet die DH 'n skriftelike besluit met redes uitreik en dit aan die skool, ouers en die gemeenskap meedeel.

7.4 Die implementering van enige DH-direktief deur die skool hang af van die Departement se vooraf skriftelike bevestiging en verskaffing van die nodige hulpbronne, insluitend toepaslik gekwalifiseerde opvoeders en gepaste leer- en onderrigsteuningsmateriaal (LTSM), vir die bykomende taal/tale. Die SBL is nie verplig om hierdie hulpbronne te finansier of te voorsien nie.

7.5 Die SBL kan binne 14 dae na ontvangs van die direktief by die LUR appèl aanteken; die LUR moet binne 14 dae beslis. Terwyl die appèl hangende is, bly die bestaande beleid van krag, behalwe vir die betwiste bepalings wat opgeskort word.

7.6 Enige HOD-direktief is 'n administratiewe besluit en moet regmatig, redelik en prosedureel billik wees.

## 8. Hersiening van die Taalbeleid

Hierdie beleid sal elke drie jaar hersien word, of vroeër indien die faktore gelyk in paragraaf 2 verander of op versoek van die DH, ingevolge artikel 6 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* 84 van 1996.

**Onderteken te** ~~28~~ Riversdal **op hierdie die** 28e **dag van** Aug **20**25

**HERSIEN 9 September 2025**

| | | |
|---|---|---|
| Beheerliggaam: | Voorsitter: Hans- Jurie Uys | [signature] |
| | Onder-Voorsitter: Geoffrey Joubert | [signature] |
| | Tesourier: Hannes Louw | [signature] |
| | Sekretaresse: Estelle Richards | [signature] |
| | Ouer: Francois Barnard | [signature] |
| | Ouer: Initza Maartens | [signature] |
| | Skoolhoof: Michelle Marais | [signature] |
| | Opvoeder: Corne Kriel | [signature] |
| | Opvoeder: Bertus Jordaan | [signature] |
| | Nie-KS Opvoeder: Judi Botha | [signature] |

**(Konsepdokument bygewerk deur FEDSAS Ondersteuning en Regsdienste, Augustus 2025)**